

Maandag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 16:5-15 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 16:7-8, 13 (1983-vertaling)

Die Heilige Gees lei ons in die hele waarheid

Baie lewensvrae handel oor die vraag: Wat is die waarheid? In hierdie Skrifgedeelte word die Heilige Gees “die Gees van die waarheid” genoem (Joh. 16:13). Hy is ook gestuur om die waarheid van die evangelie te bevestig. Deur die evangelie getuig Hy aan ons die werke van die Vader en die Seun. So is die werke van die Drie-enige God die groot waarheid wat vasstaan en verkondig word.

So leer die Heilige Gees nie net vir ons die waarheid nie (vgl. Joh. 14:26), maar lei ons ook in die waarheid (Joh. 16:13), deur ons van ons sondes te oortuig en ons tot bekering op te roep (vgl. Joh. 16:9). Verder oortuig die Heilige Gees ons ook dat Jesus Christus God se verlossing bewerkstellig het (vgl. Joh. 16:10) deurdat Christus deur sy dood en opstanding Satan geoordeel en oorwin het (vgl. Joh. 16:11).

So bevestig die Heilige Gees die waarheid, wat God reeds deur sy Seun Jesus Christus gedoen het.

Bid vir die leiding van die Heilige Gees, om ons in die hele waarheid te lei. Daarvoor is die Heilige Gees aan ons geskenk om ons te lei met die vaste vertroue dat die hele waarheid in Jesus Christus se daade en woorde bevestig is. So lei die Gees van waarheid ons om die waarheid met sekerheid te aanvaar. Dit is die regte pad (vgl. Joh. 16:10), die pad van genade en waarheid (vgl. Joh. 1:14).

Sing: Skrifberyming 24/1-1:7

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)